

## Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Mei 2018 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 143:1, 7 (p. 688)

- 1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!  
Ek smEEK tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede,  
en ek verlaat my op u trou.
  
- 7 Laat by die eerste môreglore / u goedheid fluister in my ore!  
Op U vertrou ek, laat my tref / die veil'ge pad en regte spore,  
daar ek my siel tot U verhef!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelingel  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dingel
  
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslael  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehael

**Geloofsbelydenis:** Nicea

**Wet**

**Psalm 51:1 (p. 260)**

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;  
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!  
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,  
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!

**Gebed**

**Psalm 119:11, 12 (p. 588)**

- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;  
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.  
Laat my leef na u bevele – / niks wat my so kan behaag.  
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.
  
- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;  
u belofte aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!  
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe in my gemoed  
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.

**Skriflesing:** Matteus 5:17-20, 31-32; 19:1-9

**Kernverse:** Matteus 5:31-32

**Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.**  
(Matteus 5:31-32 AFR53)

## **Tema: Burgers in die koninkryk bly getrou in die huwelik**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons lees baie maal net uitgesoekte dele in die Bybel. Dit is die dele in die Bybel wat vir ons mooi is. Maar baie ander dele in die Bybel slaan ons oor. Miskien slaan ons dit oor omdat dit vir ons moeilik is om te verstaan of omdat daardie woorde van die Here ons ongemaklik maak. Wanneer 'n mens egter 'n Bybelboek van begin tot einde deurlees, lei die Heilige Gees 'n mens om ook daardie gedeeltes te lees wat ons eerder sou oorslaan. Die twee kernverse vanoggend is een van daardie gedeeltes wat 'n mens eerder sou oorslaan, want dit handel oor 'n baie sensitiewe en vir sommige van ons 'n baie emosionele onderwerp – egskeiding.

Vir mense wat nie burgers van God se koninkryk is nie, het egskeiding iets alledaags geword, tog bly dit een van daardie dinge wat diep letsels in 'n mens se gemoed laat. Daar is nie baie dinge wat so ongelukkig is soos 'n ongelukkige huwelik nie. Daar is verseker ook niks so tragies soos die verbrekking van 'n huwelik wat God met liefde en vreugde wil vervul nie. Met die wysheid van die Heilige Gees gaan ons vanoggend ons huwelike – gelukkig of ongelukkig – in die lig van God se Woord stel. Ons wil eerlik en opreg na die Here luister sonder om by te dra tot die seer van 'n egskeiding wat beleef is. Omdat Jesus vir ons die diepere en eintlike betekenis van God se Woord leer, luister ons ook na sy wil oor huwelike. As kinders van God en volgelingen van Jesus Christus, wil gelowiges aan Christus Jesus getrou wees.

Een van die beginsels om die Skrif te verklaar wat ons gebruik, is om Skrif met Skrif te vergelyk. Ons volg die Heilige Gees wanneer Hy ons lei om 'n moeilike gedeelte met 'n duideliker gedeelte te verstaan. Wanneer Jesus oor egskeiding in die bergpredikasie praat, sê Hy dit baie kort. Om die volle impak van hierdie woorde te begryp en ons lewens daarvolgens in te rig, luister ons ook na Matteus 19:1-9.

Dit is nie net mense van vandag wat verskil oor die verstaan oor sekere gedeeltes in die Bybel nie. In die dae van Jesus was daar onder die skrifgeleerdes en Fariseërs verskille oor sekere gedeeltes. Hulle het verskil oor die redes wat 'n man kan aanvoer om van sy vrou te skei. Op grond van Deuteronomium 24:1 het die rabbi Shammai en sy dissipels gesê dat 'n man net oor owerspel van sy vrou mag skei. Rabbi Hillel het geleer dat die woord *skandelyks* in Deuteronomium 24:1 na meer as net owerspel verwys. As die vrou haar man se kos verbrand het, kon dit as rede aangevoer word om van haar te skei. Of as die vrou nie meer so mooi vir haar man is nie en hy vir 'n mooier vrou lief geword het, kon hy ook van haar skei.

Oor die algemeen het die Fariseërs voortdurend die seggingskrag van die Here se wet so veel as moontlik probeer beperk, sodat daar vir hulle baie meer ruimte was om hulle eiewillige godsdienste uit te leef. Maar hier het ons nou met 'n stryd in die kring van die Fariseërs te doen. Die Fariseërs het met hulle stryd na Jesus toe gegaan en gevra of dit vir 'n man reg is om oor allerhande redes van sy vrou te skei. Al wou hulle Jesus nie as die Messias erken nie, het hulle Hom tog genader met hulle strydvraag om te sien wie se kant Hy sou kies.

Die Seun van God het egter nie na die wêreld gekom om tussen twee strydende partye kant te kies nie, maar om sy Vader se wil te doen. In sy antwoord maak Hy dan God se wil bekend. Die Fariseërs wou graag weet watter redes kan 'n man alles gebruik om van sy vrou te skei. Jesus antwoord egter met 'n teenvraag:

**Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? (Matteus 19:4 AFR53)**

Broers, susters en kinders, Jesus raak nie verstrengel in mense se getwis nie. Die Fariseërs is gaande oor redes waarom 'n man van sy vrou kan skei. Jesus is besorg oor die instelling van die huwelik. Daarom neem Hy hulle terug na die skepping van die mens en na die instelling van die huwelik. Adam het op ingewing van die Heilige Gees gesing toe God sy vrou vir hom gebring het: Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees. Met hierdie instellingswoorde van die huwelik maak God dit baie duidelik dat die huwelik enersyds eksklusief is. Dit is 'n verhouding tussen een man en een vrou. Andersyds is die huwelik 'n permanente verhouding. Die man sal sy vrou aan-kleef en hulle twee sal een vlees wees.

In sy verdere verklaring maak Jesus hierdie twee aspekte van die huwelik nog duideliker. Man en vrou in die huwelik is nie meer twee nie maar een. Die huwelik is 'n eksklusiewe eenheid waar nie plek is vir nog 'n man of 'n vrou nie. In die huwelik is man en vrou 'n hegte eenheid op elke vlak van hulle lewe. In hulle aanbidding en diens aan God, in hulle heers oor die skepping, in hulle opvoeding van hulle kinders, in hulle lewe in die samelewing saam met ander mense, is hulle 'n hegte eenheid wat deur God saamgebind is. Omdat dit 'n eenheid is, mag niks en niemand tussen hulle twee kom nie.

In die tweede plek is die huwelik 'n permanente eenheid. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie. Omdat God hierdie man en hierdie vrou in hierdie huwelik saamgebring het, het Hy hulle saamgevoeg. Geen mens mag hierdie verhouding verbreek nie, nie die man of die vrou in die huwelik nie en ook niemand anders nie.

Vir Christene is dit maklik om te verstaan dat die huwelik 'n samevoeging van man en vrou deur God is. Gelowiges se huwelik word tog gebou op die fondament van Jesus Christus hulle Verlosser. En hulle weet dat die hemelse Vader hulle huwelik gebruik om die eenheid tussen Christus en die kerk sigbaar uit te druk. So permanent as wat Christus se verhouding met die kerk is – want Christus het die kerk met sy bloed vir Homself en sy Vader gekoop – so permanent is die huwelik tussen een man en een vrou.

Die huwelik is dus 'n permanente verhouding wat God ingestel het. Die Fariseërs het redes gesoek vir egskeiding. Jesus sê wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

Die Fariseërs was nie met hierdie antwoord tevrede nie. Daarom vra hulle:

**Waarom het Moses dan beveel om 'n skeibrief te gee en van haar te skei?**

(Matteus 19:7 AFR53)

Vergelyk nou hierdie vraag met wat Jesus in ons kernverse sê. Hy sê:

**Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee.**

(Matteus 5:31 AFR53)

Jesus sê nie dat die Here of selfs Moses 'n bevel oor 'n skeibrief gegee het nie. Hy sê dit is wat die Fariseërs kwytraak. En ons weet nou al dat die Fariseërs die Bybel maklik verdraai het om hulle eiewillige godsdiens te pas. Dit is hulle wat maak asof die gee van 'n skeibrief en egskeidingsbevele van die Here by monde van Moses is.

Wanneer 'n mens egter mooi gaan lees wat die Here wel in Deuteronomium 24 sê, kom 'n mens agter hoe die Fariseërs die Bybel verdraai het. Luister hoe staan dit daar geskryf:

**As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, en sy uit sy huis uittrek en weggaan en 'n ander man s'n word, en dié laaste man haar haat en haar 'n**

**skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, of as dié laaste man sterwe wat haar vir hom as vrou geneem het – dan mag haar eerste man wat haar weggestuur het, haar nie weer neem, dat sy sy vrou word nadat sy onrein geword het nie; want dit is 'n gruwel voor die aangesig van die HERE, en jy mag op die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, geen skuld laai nie.**  
(Deuteronomium 24:1-4 AFR53)

Hoor u, geliefdes, dit is nie die skeibrief of egskedding wat deur God beveel word nie. Die bevel van die Here in hierdie gedeelte is in die laaste vers. Die Here verbied dat 'n man weer met die vrou van wie hy geskei het, mag trou nadat sy met 'n ander man getroud

was. Die Here gee self die rede hoekom dit nie mag gebeur nie. Die land sal verontreinig word en dit is 'n gruwel vir God om so te kere te gaan. Vir ons is dit nou net belangrik om te weet dat die Fariseërs daardie Skrifgedeelte in Deuteronomium 24 heeltemal verkeerd verklaar het. Daar word geen bevel gegee om te skei nie en niemand word aangemoedig om te skei nie.

Jesus beantwoord wel hierdie vraag van die Fariseërs. Die Here het by monde van Moses bepaal dat 'n man aan sy vrou 'n skeibrief moet gee wanneer hy van haar skei. En hierdie bepaling is gegee oor die hardheid van die mense se harte. Om 'n skeibrief te gee vir die vrou was nie 'n Goddelike opdrag nie, maar 'n Goddelike toelating omdat die mense sondaars is. 'n Skeibrief is dan eintlik 'n sigbare teken van die onbekeerlikheid en onversoenlikheid van die mense se harte. En daar is verseker nie nog so 'n harde, onbekeerlike en onversoenlike hart soos die hart van 'n mens wat besluit het om van sy huweliksmat te skei nie.

Jesus vervolg dadelik en wys weer terug na die begin toe: maar van die begin af was dit nie so nie. God het nie van die begin af toegelaat dat 'n skeibrief gegee word nie, want die verhouding tussen een man en een vrou in die huwelik is ingestel om permanent te wees. Om permanent getroud te wees is God se bevel en die toelating om 'n skeibrief te gee, hef nie die bevel op nie. Die toelating om 'n skeibrief te gee, staan geskryf tussen al die ander baie ordelike reëlings wat die Here vir sy volk gegee het. Die gee van 'n skeibrief is dus 'n ordelike reëling sodat daar nie chaos in die samelewing sal wees nie. Om getroud te bly met die man of vrou wat jyself gekies en aan wie jy voor God trou beloof het, dit is die Here se opdrag, want Hy het julle twee saamgevoeg.

Ons kom dus agter, broers, susters en kinders, dat die Fariseërs al destyds, soos baie mense vandag ook, ligtelik van egskedding gedink het. Maar Jesus wat saam met sy Vader en die Heilige Gees die Gewer is van die wet redeneer anders. Egskedding is so erg dat dit in die oë van die Here gelyk is aan egbreuk pleeg.

Wanneer 'n man en 'n vrou van mekaar oor enige ding skei en daardie man en of daardie vrou trou weer met iemand anders, pleeg hulle egbreuk. Aangesien God die huwelik ingestel het as 'n permanente verhouding tussen een man en een vrou en Hy die man en vrou tot 'n eenheid in die huwelik saamvoeg, mag geen mens die eenheid verbreek nie. Hieruit trek Jesus die noodwendige gevolgtrekking. As die man en vrou van mekaar skei en hulle trou weer met iemand anders, pleeg hulle egbreuk. In die oë van die wêreld mag die man en vrou van mekaar geskei wees, maar in die oë van die Here is hulle steeds getroud. Geen magistraat of regter kan wat God saamgevoeg het, skei nie.

Ons Here Jesus gee net een uitsondering, behalwe oor owerspel. Slegs wanneer 'n getroude man of vrou met 'n derde party 'n fisiese verhouding het, kan dit as 'n regverdige

rede aangevoer word om te skei. In die oë van die Here is daardie eenheid wat Hy dan met die huwelik tot stand gebring het, verbreek. Daar is vir die Here geen ander regverdige rede vir egskeiding nie. Maar daarmee het die Here Jesus nog nie gesê dat 'n man en 'n vrou van mekaar moet skei omdat owerspel gepleeg is nie. Dit is nog steeds net 'n toelating oor die hardheid van die mense se harte.

Ons kan ons kernverse nie in isolasie bekyk nie. Matteus 5:31-32 is deel van die berg-predikasie en deel van die hele Bybel waarin God versoening aan ons openbaar. Selfs wanneer daar owerspel plaasgevind het, is die eerste optrede nie skei nie, maar versoening soek en vergifnis gee.

Dit is immers hoe die Here ons God met sy mense ook maak. Die Here beskryf sy verhouding met sy volk as 'n huweliksverhouding waarin die volk die bruid en Hy die bruidegom is. In die boek Hosea hoor ons hoe die Here sy owerspelige vrou terug roep en met haar van voor af die verhouding begin. God het deur die bloed van sy eie geliefde Seun Homself met mense versoen. En as Jesus jou Verlosser is, het God Hom ook met jou versoen. Moet gelowige mans en vroue in hulle huwelike nie die Here in sy voetspore volg nie? Hulle moet, want dit is wat die Here van hulle verwag – dat hulle sal versoen en vergewe.

Chrisostomos, 'n prediker in die vroeë kerk, het dit so gestel: *Hoe kan die mens wat sagmoedig is, 'n vredemaker is, arm van gees is en barmhartig is, sommer van sy lewensmaat skei? Die gelowige wat daaraan gewoon is om met ander mense te versoen, sal hy en sy dan nie ook met hulle lewensmaat versoen nie?* Gesien in die lig van God se bedoeling vir die mens se huwelik, kan egskeiding net as 'n tragiese afwyking van God se wil beskou word. Wie getrou is aan Jesus Christus, dink nie eerste aan egskeiding wanneer daar moeilikheid kom nie.

Daar is verseker nog baie vrae. Vrae soos: Lewe iemand wat dan geskei het en weer met iemand anders getrou het in 'n staat van sonde? Kan iemand wat geskei het en weer getrou het nog salig word? Geliefdes, in groot versigtigheid en nederigheid gaan ons daarop probeer antwoord, nie om iemand op die skouer te klop en te sê: Toemaar, dit is nie so 'n groot sonde nie. Maar in die lig van die Here se regverdigheid en genade soek ons 'n antwoord.

Om getroud te bly, dit is die Here se bevel. Maar gelowiges is nog nie volmaak nie en hulle harte kan ook onbekeerlik en onversoenlik word. Sou 'n gelowige dan skei en met iemand anders trou, pleeg hy of sy die daad van egbreuk en lewe hulle nie in die staat van egbreuk nie. Kan so iemand salig word? In alle nederigheid sal ek sê ja, want daar is geen sonde so groot dat God dit nie kan vergewe nie, behalwe die sonde teen die Heilige Gees. Wie dus wel geskei het en weer met iemand anders getrou het, moet die pad van verootmoediging en berou loop en hulle vergifnis in Christus by God soek.

En, geliefde broer en suster, as jou huwelik al gedreig het om die tragiese pad van egskeiding op te gaan, wag! Dink mooi wat jy wil doen. As jy aan Christus getrou is, sal egskeiding nie vir jou die eerste en beste oplossing wees nie. Getroudes wat hulle lewe buite hulleself in Christus soek en weet dat hulle deur Hom kinders van God is, kan verseker wees van die hulp en bystand van God, selfs wanneer hulle dit glad nie verwag nie.

**Amen!**

Gebed

## Slotpsalm 128:1, 2, 4 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,  
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan  
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet  
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,  
en tel die trossetalle / wat ons die blare<sup>o</sup>ontvou  
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,  
aan jou die volheid gewe / van huiselike vreug.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;  
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!  
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!  
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

## **Katkisasieopening**

### Skrifberyming 12-2:3 (Sb 27)

- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;  
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.  
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,  
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 Mei 2018